DIE VERENIGING VAN
SUID-AFRIKAANSE BOUREKENAARS

Voortgesette Professionele Ontwikkelingstelsel

Effektiewe datum 1 Januarie 1999

INHOUD

		Bladsy
1.	Inleiding	1
2.	Doelwit	1
3.	Administrasie	1
4.	Jaarlikse voorleggings deur geregistreerde bourekenaars	2
5.	Tydvereistes	2
6.	Kategorië van opleiding en ontwikkelingsaktiwiteite / toedeling van VPO punte	3
7.	Aansoeke om vrystelling of uitstelling van VPO aktiwiteite: beperk tot in maksimum tydperk van 5 jaar Let wel: kansellering van registrasie by die Raad is nie tydens die tydperk onder hersiening toelaatbaar nie	4
8.	Nie-nakoming	5
9.	Verskaffers van Voortgesette Professionele Ontwikkelingsaktiwiteite	6
10.	Belasting	6
11.	Agente van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars vir die akkreditering van aktiwiteite verwante aan Voortgesette Professionele Ontwikkeling	6
12.	Navrae	7

1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars het ’n stelsel van Voortgesette Professionele Opleiding (VPO) vir alle geregistreerde bourekenaars ingestel, met intreedatum 1 Januarie 1999

Die VPO-stelsel is as ’n gebruikersvriendelike proses gestruktureer en die 200 punte wat oor ’n tydperk van 5 jaar ingesamel moet word, is maklik haalbaar

Die proses sal

- nie ingewikkeld of duur wees nie
- aan wedersydse internasionale akkreditasie-ooreenkomste voldoen

2. Doelwit

Die primêre doelwit van die VPO-stelsel is om professionele vaardighede uit te bou asook om ontwikkeling binne die bourekenaarsberoep te ondersteun

3. Administrasie

Die Raad het sy bevoegdheid in terme van die Wet op Bourekenaars (36 van 1970) aan die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars wat die VPO-stelsel (hernuwing van registrasie) sal administreer, gedelegeer, nl.

- monitering
- bestuur
- alle inhoudsvoorsiening
- handhawing van standaarde en resultate voortvloeiend uit voortgesette nagraadse ontwikkeling en opleiding in bourekenkunde as voorvereistes ten opsigte van
- registrasie
- hernuwing van registrasie by die Raad

Ander professionele verenigings en organisasies mag in die toekoms by die Raad om akkreditering as verskaffers van VPO (aktiwiteite en programme) ooreenkomstig spesifieke kriteria en riglyne aansoek doen

In terme van die bevoegdheid deur die Raad gedelegeer, is die verantwoordelikhede van die Vereniging die

- goedkeuring van opvoedkundige- en ontwikkelingsaktiwiteite om VPO doeleindes
- beoordeling van dienslewering deur alle verskaffers van VPO

Die Vereniging sal die volgende voorsien / goedkeur:

- riglyne en evalueringskriteria
- toedeling van punte

4. Jaarlikse voorleggings ten opsigte van ’n termyn van 12 maande met intreedatum 1 Julie in enige kalenderjaar en einddatum 30 Junie van die daaropvolgende jaar

Hoogstens 30 dae na voltooiing van ’n jaarsiklus moet data jaarliks op die ingeslote vorms deur bourekenaars aan die QS EduTech Sentrum voorgelê word

Die puntetotaal ten opsigte van elke afsonderlike VPO aktiwiteitskategorie gedurende ’n spesifike jaarsiklus verdien, sal elektronies aangeteken word en jaarlikse opgawes wat hulle totale puntekrediet sowel as hulle algemene VPO status aandui, sal aan geregistreerde bourekenaars vir kennisname voorsien word

5. Tydvereistes

5.1 VPO strek oor 5-jaar siklusse waartydens elke bourekenaar 200 punte sal moet insamel om geregistreerde status te handhaaf

5.2 Die toegelate puntetotaal gedurende enige kalenderjaar ingesamel is

- 25 punte minimum
- 75 punte maksimum

5.3 Die ***aanvangsiklus*** sal vanaf 1 Januarie 1999 tot 30 Junie 2004 strek om geleentheid te bied om

- enige probleme wat gedurende die eerste jaar met die stelsel ondervind word, uit te skakel
- internasionale wedersydse ooreenkomste te akkommodeer

5.4 ’n Bourekenaar wie op 1 Januarie 1999 geregistreer is, sal aan die VPO voorwaardes vóór 30 Junie 2004 en daarna tydens daaropvolgende periodes van 5 jaar elk moet voldoen

5.5 Bourekenaars wie vir die eerste keer na 1 Julie 2000 registreer, sal met hulle aanvangsilkus op 1 Julie 2001 begin en sal daarna aan die VPO voorwaardes tydens daaropvolgende periodes van 5 jaar elk moet voldoen

Bourekenaars wie gedurende die loop van enige jaarsiklus registreer, sal met hulle aanvangsiklus op die daaropvolgende 1 Julie *na registrasie* begin

VPO 1	VERENIGING VAN SUID-AFRIKAANSE BOUREKENAARS SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR BOUREKENAARS VPO PORTEFEULJE VIR DIE PERIODE TOT 30 JUNIE 2000

Voltooi asseblief en stuur terug aan:
Die QS EduTech Sentrum, Posbus 12518, Centrahil, Port Elizabeth, 6006

SARVB no.	VSABR no.
Van	
Voorname	
Kategorie	

Geliewe elke VPO-aktiwiteit waaraan u deelgeneem het vanaf 1 Januarie 1999 tot 30 Junie 2000 te spesifiseer. Bewysstukke ten opsigte van alle aktiwiteite moet genommer en as bylae aangeheg word

KATEGORIE 1: ORGANISATORIESE AKTIWITEITE (lys alle aktiwiteite)		**Slegs vir kantoorgebruik**	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

KATEGORIE 2: KLEINGROEPSAKTIWITEITE		Slegs vir kantoorgebruik	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

KATEGORIE 3: INDIVIDUELE AKTIWITEITE		Slegs vir kantoorgebruik	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
a. Selfstudie wat die bestudering van joernale, elektroniese of gerekenariseerde materiaal insluit maar nie daartoe beperk is nie			
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

KATEGORIE 3: INDIVIDUELE AKTIWITEITE		Slegs vir kantoorgebruik	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
b. Voorgraadse onderrig / opleiding			
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

KATEGORIE 3: INDIVIDUELE AKTIWITEITE		Slegs vir kantoorgebruik	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
c. Nagraadse onderrig / toesighouding navorsingstudies – skripsies, verhandelings, proefskrifte			
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

KATEGORIE 3: INDIVIDUELE AKTIWITEITE		Slegs vir kantoorgebruik	
Tipe aktiwiteit	Bewysstuk aangeheg bylae no.	VSABR goedkeuring	Punte
d. Eksaminering, nasien en evaluering namens 'n geakkrediteerde verskaffer uitgevoer bv. die opstel en evaluering van Dele I en II van die Raadseksamen, monitering van opleidingstandaarde aan universiteite en tegnikons, evaluering van professionele vaardigheid (dag- of logboeke, verslae, onderhoude), eksterne eksaminering van Magister verhandelings en Ph D proefskrifte			
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE			

OPSOMMING	**Slegs vir kantoorgebruik**	
Tipe aktiwiteit	PUNTE	TOTAAL
KATEGORIE 1: Organisatoriese aktiwiteite		
KATEGORIE 2: Kleingroepsaktiwiteite		
KATEGORIE 3: a. Selfstudie		
b. Onderrig / opleiding		
c. Toesig		
d. Eksaminering, nasien en evaluering		
TOTALE PUNTE VIR HIERDIE AKTIWITEITE		
TOTALE PUNTE BEHAAL T.O.V. HIERDIE JAAR: _ _ _ _		

Ek, die ondergetekende, sertifiseer dat die inligting in die VPO Portefeulje en aangehegte sertifikate vervat in alle opsigte korrek is

HANDTEKENING

DATUM

5.6 Bourekenaars wie hulle registrasie kanselleer en later weer om herregistrasie aansoek doen, sal vir 12 maande van VSABR-goedgekeurde VPO moet inskryf voordat herregistrasie gefinaliseer sal word

5.7 Suksesvolle nakoming van die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars se Evaluering van Professionele Vaardigheid wat tot registrasie as bourekenaar lei, sal geag word om aan die vereistes ten opsigte van die eerste jaar van 'n VPO aanvangsiklus te voldoen

6. Kategorië van onderrig en opleidingsaktiwiteite / toedeling van VPO punte

In enige van die drie gespesifiseerde VPO kategorië oor 'n 5 jaar siklus, is die aantal punte wat versamel mag word soos volg:

- Kategorië 1: 80 punte minimum 1 uur = 2 punte
- Kategorië 2: 60 punte maksimum 2 ure = 1 punt
- Kategorië 3: 60 punte maksimum 2 ure = 1 punt

Die reg om sub-optimale aktiwiteite afwaarts en die puntetoedeling ten opsigte van 'n tydeenheid daarvolgens aan te pas, ressorteer by die Vereniging en 'n aanbeveling sal aan die Raad gedoen word

Enige verwante onderrig- of ontwikkelingsgeoriënteerde aktiwiteit wat nie direk onder die gelyste items val nie mag aan die QS EduTech Sentrum vir voorlegging aan en goedkeuring deur die Vereniging gestuur word en indien die beoordeling gunstig is, sal die aktiwiteit geakkrediteer word

Kategorie 1: toepaslike programme deur "buite"-organisasies aangebied wat formele onderrig insluit maar nie daartoe beperk is nie:

- konferensies
- kongresse
- werkswinkels
- lesings
- seminare
- opknappingskursusse
- gespreksforums
- afstandsonderrigseminare

- indiwiduele onderrig, bv. vaardigheidsopleiding of kort kursusse aan ’n tersiêre opleidingsinstansie
- navorsingsverslae en referate in joernale deur die / ’n geakkrediteerde verskaffer goedgekeur, gepubliseer
- referate aan konferensies of kongresse / plakkaatreferate gelewer
- bykomende volwaardige kwalifikasies verwante aan beroepspraktyk verwerf

Kategorie 2: kleingroepsaktiwiteite wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

- interne vaardigheidsopknappingsessies deur indiwiduele firmas gereël
- joernaalklubs
- gestruktureerde, formele kleingroepsbesprekingsessies
- beroepsadministrasie (komitees, bestuursrade, algemene jaarvergaderings waartydens beroepspraktykgerigte aanbiedinge op sakelyste ingesluit is, bv. VSABR takkomitees, Alliansie van Ontwikkelingsprofessies, Eiendomsraad van Suid-Afrika)

Kategorie 3: individuele aktiwiteite

- selfstudie wat die bestudering van joernale óf elektroniese óf gerekenariseerde materiaal insluit maar nie daartoe beperk is nie
- voorgraadse onderrig / opleiding
- nagraadse onderrig / toesig oor navorsingstudie (skripsies, verhandelings, proefskrifte)
- eksaminering, nasien en evaluering namens die / ’n geakkrediteerde verskaffer uitgevoer bv. die opstel en evaluering van Dele I en II van die Raadseksamen, monitering van opleidingstandaarde aan universiteite en tegnikons, evaluering van professionele vaardigheid (dag- of logboeke, verslae, onderhoude), eksterne eksaminering van Magister verhandelings en Ph D proefskrifte

7. Aansoeke om vrystelling of uitstel van VPO aktiwiteite

Individuele aansoeke deur bourekenaars (van goeie naam) sal jaarliks deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars oorweeg word. Enige geregistreerde bourekenaar wat na ’n tydperk van vrystelling of uitstel tot die Suid-Afrikaanse stelsel terugkeer, sal ’n samevatting van persoonlike professionele betrokkenheid gedurende die eerste jaar van hertoetrede tot die beroepspraktyk in Suid-Afrika

moet voorlê waarna ’n 5-jaar VPO-siklus in die jaar wat op die goedkeuring van daardie voorlegging volg, aanvang sal neem. Aanvaarbare motivering mag

- tydelike onttrekking uit aktiewe beroepspraktyk
- oorsese verblyf of internasionale reise vir langer as 12 maande insluit

8. Nie-nakoming

Na bekragtiging deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars mag die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars enige van die volgende voorskryf indien ’n geregistreerde bourekenaar nie aan die vereistes van die Voortgesette Professionele Ontwikkelingstelsel voldoen nie:

- Skrapping van die bourekenaar se registrasie en voorskrywing van ’n geskikte vaardigheidsopknappingprogram waaraan die indiwidu moet deelneem alvorens herregistrasie mag geskied en ’n nuwe 5-jaar VPO-siklus aanvang neem
- Voorskrywing dat die geregistreerde bourekenaar
  - ☐ ’n spesiale eksamen moet aflê
  - ☐ ’n remediërende VPO-program moet volg wat spesifieke opleidingskursusse mag insluit
- Verlenging van die 5-jaar siklus met 1 jaar waartydens die betrokke indiwidu deur beroepsgenote deur die Vereniging genomineer, gemonitor en ten opsigte van vaardigheidsopknapping ondersteun sal word. Toepaslike gelde is hiervoor betaalbaar

9. Verskaffers van Voortgesette Professionele Ontwikkelingsprogramme

Enige van die volgende instellings of organisasies

- mag by die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars om inskrywing as goedgekeurde verskaffers van VPO-aktiwiteite aansoek doen
- moet hulle voorgestelde programme asook die aantal punte wat ten opsigte van elke komponent gekrediteer sal word, voorlê
- mag slegs nadat skriftelike goedkeuring en ’n registrasiesertifikaat van die Vereniging ontvang is, hulle programme en kredietpunte bemark:

- ☐ universiteits- of tegnikonfakulteite of -departemente
- ☐ professionele rade, verenigings of organisasies
- ☐ intansies of groepe wat onderrig en ontwikkelingsprogramme of -kursusse aanbied
- ☐ vervaardigersorganisasies

10. Belasting

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) ondersteun die beginsel dat uitgawes deur geregistreerde bourekenaars aangegaan om aan die vereistes van hierdie Voorgesette Professionele Ontwikkelingstelsel te voldoen, om belastingdoeleindes aftrekbaar is. Nietemin, moet indiwiduele aansoeke om belastingaftrekkings aan SARS voorgelê word

11 Agente van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars vir die akkreditering van aktiwiteite verwante aan Voortgesette Professionele Ontwikkeling

Soos voorheen genoem (*verwys na 3. Administrasie*) mag ander professionele verenigings en organisasies by die Raad aansoek doen om akkreditering as VPO verskaffers (aktiwiteite en programme) onderworpe aan spesifieke kriteria en riglyne

Aansoeke

- sal deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars ontvang en evalueer word vir goedkeuring en bekragtiging deur die Raad
- moet gedetailleerde spesifikasies voorsien ten opsigte van die VPO-aktiwiteite en programme wat aangebied sal word en waarvoor akkreditasie verlang word
- moet gemotiveer word met volledige besonderhede ten opsigte van die aansoeker / instansie se verteenwoordigers, deskundigheid, interne algemene infrastruktuur en beskikbare hulpbronne wat ononderbroke uitmuntendheid in die lewering van VPO-aktiwiteite en programme sal verseker

Evaluering van alle aansoeke deur die Vereniging is op die volgende gegrond:

- professionele inhoud van die voorgestelde aktiwiteite / programme
- puntewaarde toegeken aan die onderskeie aktiwiteite en programkomponente

Goedgekeurde programme sal:

- deur die Vereniging geregistreer,
- 'n registrasienommer toegeken en
- van tyd tot tyd nagegaan / gemonitor word

12. Navrae

Alle korrespondensie en navrae in verband met hierdie Voortgesette Professionele Ontwikkelingsprogram moet gerig word aan

- Die Direkteur, QS Edutech Sentrum, Posbus 12518, CENTRAHIL, 6006
- Telefoon 041 - 583 2144
- Faksimilee 041 - 583 2276
- E-pos: qsedutech@mweb.co.za